AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
MEMORANDUM: VRAESTEL 1 GRAAD 10
NOVEMBER 2009
VRYSTAAT DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
MOTHEO DISTRIK

AFDELING A: LEESBEGRIP

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING- vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en **'**n punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

VRAAG 1: LEESBEGRIP: KOERANTARTIKEL –					**DENKVLAK**		
NR.	**ANTWOORD**	**PUNT**	**LU**	**AS**	**EKS**	**IM**	**EM**
1.1	*Field Band* Foundation	1	2	2	1	1	
1.2	C/Retha Celliers	1	2	2	1	1	
1.3.1	Onwaar	1	2	2	3	3	
1.3.2	resiesbaan	1	2	2	3	3	
1.4	blaasinstrumente en tromme	2	2	2	1	1	
1.5	solo ensemble kompetisie	2	2	2	1 1	1 1	
1.6	selfbeeld dissipline integriteit	3	2	2	1	1	
1.7.1 1.7.2 1.7.3	C/Song for Friends A/Voorsitter van veldorkesstigting B/Noorweegse blaasorkes	3	2	2	3	3	
1.8	Ja. Studente/musikante kon oorsee gaan studeer/ kon vaardighede ontwikkel.	1	2	2	4	4	

	Nee. Hulle kon vaardighede in Suid-Afrika ook ontwikkel het. (Net motivering word bepunt)						
1.9	Positief trant van teks sê so/skryf positief oor hulle werksaamhede/ (of iets soortgelyk)	1	2	2	5	5	
				SUBTOTAAL: 16			

VRAAG 2: LEESBEGRIP : ADVERTENSIE					**DENKVLAKKE**		
NR.	**ANTWOORD**	**PUNT**	**LU**	**AS**	**EKS**	**IM**	**EM**
2.1.1	Waar	1	2	2	3	3	
2.1.2	Teen die agtergrond van die Noordelike drakensberg-reeks	2	2	2	3	3	
2.2	Luukse	1	2	2	3	3	
2.3	Goeie gimnasium stoomkamer	2	2	2	1	1	
2.4	Afrika-disse Spesiale wildsgeregte	2	2	2	2	2	
2.5	Vlieg Motor huur	1	2	2	2	2	
2.6	Natuurliefhebbers (of iets soortgelyk)	1	2	2	3	3	
2.7	Antwoorde kan net ge-SMS word	1	2	2	3	3	
2.8.	Sluitingsdatum is 30 November 2009	1	2	2	3	3	
2.9	Leser se aandag te trek	1	2	2	3	3	
2.10	Trek aandag/illustreer wat alles kan doen by lodge/ vertel meer van lodge	1	2	2	3	3	
2.11	Trek aandag/beklemtoon/ laat staan naam uit.	1	2	2	3	3	
				SUBTOTAAL: 14			

DENKVLAK (1 EN 2):13	DENKVLAK (3): 15	DENKVLAK (4 EN 5): 2
		TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: 'N OPSOMMING

VRAAG 4: OPSOMMING
[Verwerk uit Huisgenoot 29 Mei 2008)

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. Opsommings in die verkeerde formaat word **nie geassesseer nie.**
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate MOET die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
  - Penaliseer soos volg:
    - ❖ Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra **woorde** toegelaat. **Die res van die opsomming word geïgnoreer**.

- ❖ Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.
- ❖ Elke taalfout (grammatika, spelling en punktuasie) word gepenaliseer. Trek soos volg van die 3 punte wat toegeken word vir taal, af:
  - 0 – 4 foute: geen penalisering
  - 5 – 10 foute: trek 1 punt af
  - 11 - 15 foute: trek 2 punte af
  - 16 foute of meer: trek 3 punte af
- ❖ Vir direkte aanhalings van **volledige sinne** word daar soos volg gepenaliseer:
  - 1 – 3 volledige sinne aangehaal: geen penalisering
  - 4 – 5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af
  - 6 – 7 volledige sinne aangehaal: trek 2 punte af
- ❖ Trek 1 punt af van die totaal vir getal feite plus taalgebruik indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of die verkeerde getal woorde aangedui is.

LET WEL: Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

TIPIESE TAALFOUTE

- Woordorde in enkelvoudige sin (bv. O/werp + ww. + v/werp)
- Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3)
- Omgekeerde woordorde
- Lydende vorm
- Infinitief
- Tyd, wyse, plek
- Dubbelnegatief
- Voornaamwoorde
- Direkte vertaling (moedertaalinvloed)

Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.

Memorandum:

- Basies fiets as jy rustig wil ry.
- Koop by bekende handelaar
- Koop fiets wat by liggaam pas.
- Koop fiets met vere vir moeiliker paaie.
- Fiets met skokbrekers keer dat jy seerkry.
- Koop fiets met plat pedale vir skoene.
- Koop fiets met binnebandlose band.
- Koop fiets met ligte raam vir moeiliker paaie.

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

- ❖ Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
- ❖ In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.

- ❖ Waar ’n afkorting getoets word, moet die punte op die regte plek wees.
- ❖ Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- ❖ Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.
- ❖ Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

VR.	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
5.1	grootste	1	4	oortreffende trap	1
5.2	Kaapse (moet hoofletter wees)	1	4	korrekte vorm van b.nw. (attributief)	2
5.3	feesseisoen	1	4	samestelling	1
5.4	jong	1	4	attributiewe b.nw	2
5.5	nuwe	1	4	antoniem	1
5.6	dansvloere	1	4	meervoud	1
5.7	plekkie	1	4	verkleining	1
5.8	gely	1	4	homograwe	2
5.9	eerste	1	4	attributiewe b.nw.	2
5.10	kunstenares	1	4	teenoorgestelde geslag	1
5.11	tweeduisend	1	4	spelling van telwoorde	1
5.12	kerkkore	1	4	meervoud	1
5.13	beter	1	4	trappe van vergelyking:vergrotend	2
5.14	as gevolg van	1	4	afkorting	1
5.15	wêreldberoemd	1	4	intensiewe vorm	2
5.16	gekry/gewen	1	4	sinonieme	1
5.17	sangeres	1	4	teenoorgestelde geslag	1
				Subtotaal: 17	
	Vraag 6				
6.1	Ek het nie net ’n derde van my huiswerk gedoen nie.	1	4	Ontkenning	3
6.2	Zitts sal net vyf uur lank slaap.	1	4	Toekomende tyd.	3
6.3	Zitts sê dat die hoërskool net ’n mens se uithouvermoë toets.	1	4	Indirekte rede	3
6.4	Stoffel sê dat hy niks het om vir Ellen te sê nie.	1	4	Ontkenning	3
6.5	Ek het net een week oorgehad om te oorleef.	1	4	Verlede tyd	3
6.6	Peanuts en sy vriende staan elke dag in ’n ry voor die hoof se kantoor .	1	4	Orde van bepalers (tyd, wyse en plek) in sinne.	3

6.7	Lucy vra: “Onthou jy hulle.” .	1	4	Direkte rede	3
6.8€	Wat gee hy aan die drie vriende?	1	4	Vraende voornaamwoord.	3
6.9	Dit sal goed wees om ’n goeie verbeelding te hê	1	4	Toekomende tyd.	3
6.10	Zitts is moedeloos omdat hy baie huiswerk het.	1	4	Voegwoord: groep 3	3
6.11	Peanuts hoef nie ’n riller op TV te kyk nie.	1	4	Infinitief	3
6.12	Zitts het met sy voete op die tafel gesit.	1	4	Verlede tyd	3
6.13	Wiskunde word (deur Zitts) geleer.	1	4	Lydende vorm	3
6.14	Stoffel praat oor die telefoon terwyl Ellen na hom luister.	1	4	Verbind voegwoord: groep 2	3
6.15	In	1	4	voorstel	3
6.16	Om weg te bly van ’n plek soos die skool/kerk	1	4	Idiome **Subtotaal: 16**	3
	Vraag 7				
7.1	Konnotatief: Ons het nou darem ’n blaaskans nodig. (ruskans).	1	4	Denotasie en konnotasie	3
7.2	B/die koerant het alles in wat jy graag wil hê	1	4	Geïmpliseerde betekenis	3
7.3	A/dit die koerant se naam is	1	4	Geïmpliseerde betekenis	3
7.4	A/koerant enige iets sal doen om die leser te plesier.	1	4	Geïmpliseerde betekenis	3
7.5	A/’n mens rustig is terwyl jy die koerant lees.	1	4	Geïmpliseerde betekenis	3
7.6	Rustydtellings	1	4	Geïmpliseerde betekenis	3
7.7	Koerant het alle soorte nuus in/Nuus in van vakansies tot sport. (of iets soortgelyk)	1	4	Geïmpliseerde betekenis **Subtotaal: 7**	3
				Totaal afdeling C:	**40**
				Groot totaal	**80**